LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

Tel. 049 – 8910 803
Faks: 049 – 8910 802
Sel : 072 170 2045
E-Pos: hoof@laervolkskool.org
Skoolhoof : Mnr D Joubert

Posbus 253
GRAAFF-REINET
6280

3 September 2021

Geagte ouers en Volksies.

Meegevoel
Ons innige meegevoel aan die Steyn-, Pienaar- en Dinjana- families met die afsterwe van ‘n geliefde oupa. Mag hulle die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie moeilike tyd ervaar.

Ons dra ook ons innige meegevoel oor aan die Thomson familie met die afsterwe van me. Anelle Thomson, kollega en onderwyseres by Laer Volkskool. (Sien bygevoegde huldeblyk)

Graad 5 inenting
Die Departement van Gesondheid sal op 9 September die tweede rondte inenting teen HPV vir die Graad 5 dogters by die skool toedien. Hul het reeds die eerste inenting gedurende Maart 2021 ontvang. Die voltooide konsentvorms is reeds op lêer.

Toetsrooster
Die toetsrooster word hieronder getoon. Toetse sal afgeneem word gedurende die eerste uur van elke skooldag waarna die dag se akademiese periodes sal volg. Daar sal geen huiswerk gegee word nie. Ouers moet sorg dat leerlinge voorberei vir die toetse. Die rooster is volgens die aangepaste kurrikulum opgestel.

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
12 Sept	13 Sept-Dag 3	14 Sept-Dag 4	15 Sept-Dag 5	16 Sept-Dag 6	17 Sept-Dag 7	18 Sept
			Wisk Gr. 5, 6 Aard Gr. 4, 7		NW Gr. 6, 7 Gesk Gr. 4, 5	
19 Sept	20 Sept-Dag 8	21 Sept-Dag 9	22 Sept-Dag10	23 Sept-Dag 1	24 Sept	25 Sept
		Wisk Gr. 4, 7		NW Gr. 4, 5 Aard Gr. 6 Gesk Gr. 7	Erfenisdag	

Kennisgewing: Graad 7 ouers
Hiermee herinner ons u om betyds aansoek te doen vir 2022 se toelating tot Graad 8 by Hoër Volkskool.

Kleredrag
September is ‘n tyd van oorgang waar leerlinge somersdrag kan aantrek indien die weer dit toelaat. Dit kan egter **nie** in kombinasie met wintersdrag aangetrek word nie.

- Geen plakkies is toelaatbaar by skooldrag nie.
- Leerlinge kan ‘n sweetpakbaadjie by hul LO-klere aantrek as dit koud is.
- Slegs ‘n sweetpakbaadjie is toelaatbaar by LO-klere en nie ‘n trui nie.
- Indien ‘n leerling ‘n sweetpakbroek aantrek is die sweetpakbaadjie verpligtend.
- Indien ‘n leerling nie die.korrekte LO-drag het nie kom hy/sy met skooldrag skooltoe.

Bloedskenk
Soos alle instansies word die Nationale Bloeddiens ook deur die Covid-19 pandemie geraak. In ‘n poging om die tekort aan bloed aan te spreek, het hulle ‘n bloedskenk-kompetisie geloots. Leerlinge het vandag die SANBS-inligtingsbrief ontvang waarin hulle die kompetisie bekendstel.

Pret Vrydag

Leerlinge het verlede Vrydag, 27 Augustus, soos hul sportheld aangetrek. Daar is ‘n prys te wen vir die seun en dogter wat die beste aangetrek is. Ané Troskie het die prys vir die dogter gewen en Luandré van der Westhuizen het die prys vir die seuns gewen. Veels geluk aan beide van hulle en dankie vir almal se deelname.

Sport

Swem

Die swemklub begin Maandag met swemafrigting. Volkskool se leerlinge kry eerste geleentheid om by die klub aan te sluit aangesien getalle beperk word deur Covid-19 protokolle. Indien iemand belangstel kan René Oosthuizen op haar selfoon (086 264 7824) gekontak word.

Die swemklub beoog om ‘n kliniek vir Volkskoolleerlinge aan te bied sodra die water warm genoeg is. Indien iemand die kliniek wil bywoon kan René Oosthuizen (086 264 7824) of Lizelle Luiters (076 295 8824) gekontak word

Vriendelike groete en bly veilig.

D. Joubert

Skoolhoof